DIE 12-UUR-STOKKIE

AS ons deur hierdie week se storieboek blaai, sien mens sommer baie dinge raak. Daar is 'n heerlike verrassing waarna julle Saterdagoggend moet kom luister — nee, ek gaan net mooi niks vertel nie . . .

Terwyl ons nou agter begin het, gaan ons nou een dag terug en op Republiekdag, die 31ste Mei, gaan ons by die Hartbeespoortdam kuier — ons maatjies wat ons daarheen genooi het is Marita en Lorraine Reister — hulle woon naby die dam!

Ai dit gaan lekker wees, maar julle moet net beloof om nie ver te gaan rondstap nie, want daar sal seker so baie mense wees, dat iemand maklik kan wegraak.

Kom ons kyk nou na watter stories kan julle die drie storie-dae kom luister — dis nou Dinsdag, Woensdag en Donderdag.

Vir Dinsdag het tannie Dalene Matthee weer vir ons 'n storie geskryf. Dis die storie van die 12-uur-stokkie.

Ai, dis 'n vreemde ding nè? Nou luister, dan vertel ek so ietsie vir julle.

Lank gelede was daar 'n dogtertjie met die naam van Doeksie. Sy het ook 'n boetie gehad wat altyd die eende moes oppas. Maar toe, eendag, toe is haar Boetie groot genoeg om skool toe te gaan en toe begin Doeksie vir haar Mamma die eende oppas. Boetie het gese sy moet sorg dat sy twaalfuur by die huis is met die eende. En dis net by hierdie twaalfuur waar die moeilikheid gekom het: Doeksie het nie geweet wanneer dit twaalfuur is nie. Maar iemand het haar kom help — dit was die 12-uur-stokkie. Hoe? Kom luister self!

Wipneus en Spitsoor is al ou bekende maatjies van **Siembamba** — Woensdag kom tannie Eugenie weer van hulle vertel en dan kan julle hoor hoe hulle vir Hasie en haar kindertjies gehelp het. Arme ou Hasie het 'n pendoring in haar een agterpootjie gekry en sy kon nie loop nie. Maar gelukkig tog het Wipneus en Spitsoor haar hoor huil.

Oom Heinrich se stem ken julle ook al. Donderdag kom hy weer vir julle 'n storie vertel. Maar weet julle wat, oom Heinrich sê hy het so lekker by SIEMBAMBA gekuier dat hy sommer lus gevoel het om vir julle 'n mooi storie te skryf. Dis nou dié storie wat hy Donderdag vir julle kom vertel. En weet julle van WIE die storie is? Van oom Heinrich se eie klein dogtertjie: Jeandre en haar beertjie, Barend!

Lekker luister na Siembamba!!!